



**higher education
& training**

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK: TEORIE EN PRAKTIES N6

10 September 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

AFDELING A**VRAAG 1**

- 1.1 A
- 1.2 B
- 1.3 C
- 1.4 B
- 1.5 A
- 1.6 A
- 1.7 A
- 1.8 C
- 1.9 A
- 1.10 A

(10 × 1) [10]

VRAAG 2

- 2.1 D
- 2.2 O
- 2.3 I
- 2.4 L
- 2.5 A
- 2.6 M
- 2.7 C
- 2.8 J
- 2.9 B
- 2.10 H
- 2.11 E
- 2.12 K
- 2.13 N
- 2.14 F
- 2.15 G

(15 × 2) [30]

VRAAG 3

- 3.1 Onwaar
- 3.2 Waar
- 3.3 Onwaar
- 3.4 Onwaar
- 3.5 Waar
- 3.6 Onwaar
- 3.7 Waar
- 3.8 Waar
- 3.9 Waar
- 3.10 Waar

(10 × 1) [10]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Oorweeg enige ander geskikte antwoorde.

VRAAG 4

- 4.1
- Die verslae (rapporte) help die ouers om 'n gevoel te kry van hul kind in 'n omgewing wat taamlik anders as die tuisomgewing is. Dit is die eerste keer dat die kind deel van 'n groot groep kinders van dieselfde ouderdom uitmaak.
 - Die verslae gee 'n objektiewe weergawe aan ouers oor hul kind se aktiwiteite en betrokkenheid by die kleuterskool.
 - Die ouers kry 'n oorsig oor die verwagtinge van kinders in 'n bepaalde ouderdomsgroep, en die ouers kan ook verstaan hoe hulle aktief kan meewerk om die tuisomgewing versoenbaar met die kleuterskool te maak.
 - Die ouers verkry hulp van die Educare-fasiliteerder in die vorm van aanbevelings en voorstelle wat die ouers deur die ontwikkeling van hul kind kan lei. (4 × 2) (8)
- 4.2
- Die inligting wat opgeteken word, moet maklik verstaanbaar wees. Dit is veral belangrik as dit gebruik word om verslae (rapporte) te skryf wat aan die ouers gestuur word.
 - Die inligting wat opgeteken word, moet objektief wees. Die rekords moet feitelik wees en moet konsentreer op dit wat die kinders doen en sê.
 - Dit moet maklik wees om die inligting op te teken. Die personeel moet die rekordstelsel gereeld gebruik.
 - Die rekords moet maklik toeganklik vir die personeel wees sodat hulle die inligting geredelik met die gesinne kan deel.
 - Die rekords moet veilig gehou word om die risiko van skending van vertroulikheid te verhoed. (5 × 2) (10)
- 4.3
- Waterspel help om hand–oog-koördinasie te ontwikkel wanneer die water van een houer in 'n ander ingegooi word.
 - Fyn motoriese vaardighede word so ontwikkel, soos dié wat nodig is om water van een houer in 'n ander in te gooi.
 - Dit leer die kinders om 'n houer op te lig, water uit en in te gooi en die watervloei te beheer, wat hul skinkvaardigheid sal verbeter en hul arm- en handspiere sal ontwikkel.
 - Dit help hulle om mates, skatting en volume te verstaan wanneer hulle water van een houer in 'n ander ingooi.
 - Hulle begin begrippe verstaan soos swaar/lig, vol/leeg en vlak/diep.
 - Waterspel leer die kinders om te konsentreer en probleme op te los.
 - Dit ontwikkel sosiale vaardighede soos probleemoplossing, deel en kommunikasie.
 - Die kinders leer hoe water voel; dit kan warm of koud wees.
 - Hulle leer dat water gespuut kan word en dat water lek as die houters gate in het.
 - Waterspel het 'n kalmerende en ontspanningsuitwerking op kinders. (10)

- 4.4
- Wat gaan gebeur as jy daardie blokkie heel bo opsit?
 - Wat kan gebeur as jy die blokkie in die middel uithaal?
 - Watter ry is die hoogste en watter ry is die laagste?
 - Hoeveel blokkies hoog is daardie gebou?
 - Is dit hoër/langer as jou maatjie?
- (5)
- 4.5
- Wanneer legkaarte gebou word, word woordeskat ontwikkel. Dit brei die voorskoolse kinders se woordeskat uit wanneer hulle met legkaarte speel en woorde soos reguit, krom, hoek, binne, buite, bo, onder en langsaan gebruik.
 - Dit verbeter kleinspierontwikkeling. Dit ontwikkel en verfyn fyn motoriese vaardighede. Wanneer legkaarte gebou word, moet die kinders die stukkies optel, vasknyp en vashou (van die stukke het klein knoppies, pennetjies of is bloot groot stukke) en dit dan rondbeweeg, in gleuwe probeer inpas, dit sorteer en dit in die korrekte plekke inpas.
 - Dit ontwikkel oog-hand-koördinasie. Om legkaartstukkies neer te sit, is 'n lukraakproses wat 'n groot mate van hand- en oogmanipulering insluit.
 - Dit verbeter geheuevaardighede. Wanneer 'n voorskoolse kind 'n legkaartstukkies neersit wat nie inpas nie, sal hy/sy van voor af probeer omdat sy/haar aksies dit behels wat hy/sy in werklikheid kan raaksien, wat hom/haar sal help om die aksies te onthou.
 - Dit verbeter probleemoplossingsvaardighede. Legkaarte daag kinders uit om te dink en hul brein te oefen.
 - Dit help om visueel-ruimtelike persepsie te ontwikkel. Legkaarte is in 'n wye verskeidenheid temas en onderwerpe beskikbaar soos alfabetletters, vorms, groente, getalle, troeteldiere, vervoer en kleure. Dit verbeter die kinders se visueel-ruimtelike bewustheid.
 - Dit help om geletterdheidsvaardighede te ontwikkel. Om legkaarte te bou, ontwikkel 'n dieper begrip van temas en onderwerpe. (Enige 5 × 2)
- (10)
- 4.6
- Die struktuur van 'n boom
 - Hout en die gebruike daarvan
 - Die waarde van bome
 - Die produkte van bome
 - Diere en bome
 - Kultuur- en godsdienstige gebruike van bome en die produkte daarvan
 - Die bewaring van bome
- (7)
[50]

VRAAG 5

- 5.1
- Identifiseer wat gesonde en ongesonde kos is.✓ Sê vir die voorskoolse kinders dat hulle gesonde en ongesonde kos gaan bespreek.✓ Assesseer hul voorkennis deur hulle te vra wie vandag iets gesonds geëet het.✓ Wys die voorskoolse kinders verskeie gesonde en ongesonde kos en nooi hulle uit om een vir een vorentoe te kom en aan te dui of hulle dink die kos wat hulle gekies het, gesond of ongesond is.✓
- (4)

- 5.2
- Maak seker dat 'n volwassene te alle tyd oor die kinders toesig hou. Die personeel en/of vrywilligers moet fyn beheer oor die kinders uitoefen.
 - Maak seker dat die kinders toilet toe kan gaan en 'n versnaperingspouse kry.
 - Maak seker dat die personeel en/of vrywilligers met die kinders gesels en die plante en bome, mense, ensovoorts, wat hulle tydens die uitstappie sien, bespreek.
 - Maak seker dat die aanbiedings (wys en vertel) deur die personeel by die botaniese tuine soos volgens die voorafreëlings plaasvind.
 - Kinders wat op uitstappies gaan, kan oorgestimuleer word en op hul eie gaan verken. Vestig 'n proses waarvolgens daar gereeld verantwoording gedoen word van al die kinders en personeel, sowel periodiek as tydens die verandering van aktiwiteite (soos net voor daar in die bus geklim word om terug te ry). (5 × 2) (10)
- 5.3
- Die verpleegster kan die kinders goeie gewoontes leer soos om hul tande te borsel en te vlos, gesonde eetgewoontes of die gewoonte om hande te was.
 - Die kinders kan leer hoe om hul pols te voel en hoe om 'n verband aan te sit.
 - Die kinders kan inligting meedeel en vrae stel.
 - Die Educare-fasiliteerder kan lesse beplan wat met wiskunde, speletjies en beweging, rympies en liedjies verband hou.
 - Moedig die kinders aan om gesonde kos van hul huise af te bring en goeie gewoontes te handhaaf soos om hul hande gereeld te was. (5 × 2) (10)
- 5.4
- Die kinders staan in 'n kring en gooi die boontjiesak na mekaar toe. Maak die afstand tussen die kinders groter namate hul vangvaardighede verbeter.
 - Twee kinders staan teenoor mekaar en gooi die boontjiesak na mekaar. Hulle begin deur naby aan mekaar te staan, soos gewys word, en maak dan die afstand tussen hulle groter namate hul vangvaardighede verbeter.
 - Die kinders sit in die speelarea met hul bene gekruis of hulle kniel en gooi 'n boontjiesak oor die middellyn na 'n teiken.
 - Die kinders staan in 'n ry. Die kind heel voor gee die boontjiesak oor sy kop aan na die kind direk agter hom/haar en so word dit verder aangegee totdat die kind laaste in die ry dit in 'n emmer ingooi en dan na die voorkant hardloop om weer met die boontjiesakaflos te begin.
 - Die kinders balanseer boontjiesakke op hul kop terwyl hulle op 'n balanseerbalk, op die lengte van 'n tou of al langs 'n lyn loop wat op die grond uitgemerk is.
 - Sit 'n hoop boontjiesakke aan die een kant van die speelarea en 'n emmer aan die ander kant. Die kinders hop, hardloop, spring, kruip of huppel om die boontjiesak na die emmer toe te neem. Hulle kan die boontjiesak vashou, dit op hul kop, op 'n uitgestrekte arm of selfs op 'n lepel balanseer. (Enige 5 × 2) (10)

- 5.5
- Die Educare-fasiliteerder se rol is merendeels om die taalvermoëns wat met die speelaktiwiteit verband hou, te ontwikkel. Doenwoorde moet gebruik word.
 - Die Educare-fasiliteerder moet al die kinders in die groep ken om aktiwiteite te beplan wat hul vaardighede sal ontwikkel.
 - Die groep se behoeftes moet in ag geneem word; moenie te veel of te min verwag nie.
 - Stel die aktiwiteit behoorlik bekend sodat dit die kinders aanmoedig om te ontdek. Die kind moet veilig voel om foute te kan begaan en dit met vrymoedigheid doen.
 - Die benadering moet informeel wees om te verseker dat al die kinders sonder druk wil deelneem.
 - Ondersteun en moedig die kinders deurgaans tydens die aktiwiteit aan.
 - Die kinders moet weet wat van hulle verwag word. Demonstreer en herhaal die aksies en vaardighede aangesien dit die kinders se selfvertroue sal laat toeneem.
 - Wees goed voorbereid. Ken die opeenvolgende aktiwiteite wat jy wil aanbied.
 - Stel die area voor die tyd op en moedig die kinders aan om ná die aktiwiteit te help wegpak.
- (9)
- 5.6
- Klap die hande.
 - Stamp die voete.
 - Klap op die knieë.
 - Klik of tik die vingers.
 - Maak okselgeluide.
 - Maak klikgeluide met die tong.
 - Maak wanggeluide.
 - Klap die lippe op mekaar.
- (Enige 7 × 1) (7)
- [50]**

VRAAG 6

- 6.1
- Manipulering kan slegs met behulp van apparaat gedoen word. Sluit byvoorbeeld voorwerpe in wat getrek of gestoot, gegooi, opgelig, geskop of opgewip kan word.
 - Die apparaat/toerusting moet van lig tot swaar, sag tot hard, of groot tot klein beweeg.
 - Ouer kinders moet meer op kleiner stukke toerusting konsentreer soos boontjiesakke, rakette en hoepels.
 - Sluit aktiwiteite in wat behels dat toerusting/apparaat met die hande, voete of die hele liggaam beweeg of gebruik word.
 - Aktiwiteite vir ouer kinders kan toerusting soos spane/rakette en balle insluit om voorwerpbeheervaardighede te ontwikkel.
- (5 × 2) (10)

- 6.2
- Tamboeryne
 - Skudders
 - Pols- en enkelklokkies
 - Metaaldriehoeke
 - Marakas
 - Tromme
 - Ritmestokke
 - Fluite
 - Simbale
 - Xilofone
 - Skuurblokkies, klokkies, rammelaars en klokke (Enige 10 × 1) (10)
- 6.3
- 'n Musiekinstrument ontwikkel groot en fyn motoriese vaardighede en help om spiertonus in die hande en arms te ontwikkel.
 - Dit ontwikkel 'n gevoel vir slag en ritme.
 - Dit versterk hand–oog–koördinasie.
 - Dit moedig verbeeldingspel en storievertellings deur middel van klankeffekte aan.
 - Dit verbeter luister- (en aldus lees-) vaardighede.
 - Dit versterk en beklemtoon selfdisipline en selfbeheersing.
 - Dit verhoog die begrip van musieknotasie (in die eenvoudigste vorm daarvan), musiekdinamiek en musiekvorme.
 - Dit ontwikkel patroonvormingsvaardighede en leer die kinders basiese wiskundebegrippe van opeenvolging, numeriese volgorde, vorentoe- en agtertoetellery en optelling/aftrekking (vir gevorderde leerders).
 - Dit ontwikkel begrip van die oorsprong van klank en hoe dit verander (volgens die instrument wat bespeel word).
 - Dit ontwikkel 'n gevoel vir spanwerk en sosiale vaardighede soos deel, beurte maak, en so meer. (10)
- 6.4
- Die uitdrukking van die kind se denke, kennis en idees in verhouding tot sy/haar wêreld en sy/haar idees
 - Die ontdekking en gebruik van nuwe en verskillende soorte kunsmedia
 - Die eksperimentering met kleure, lyne, vorms, fatsoene, teksture en ontwerpe
 - Die uiting van gevoelens en emosies: Dit gee die kind die geleentheid om te ontdek, sy/haar wêreld te ondersoek en sy/haar gevoelens deur middel van sy/haar verfwerk uit te druk.
 - Die uitdrukking van die kind se selfbeeld, byvoorbeeld sy/haar selfvertroue, wat bevorder word wanneer hy/sy bepaalde vaardighede bemeester en iets skep
 - Die vermoë om beurte te maak en met ander te deel, waardeur daar geleer word om met ander op 'n ontspanne wyse om te gaan
 - Die vermoë om probleme op te los en besluite te neem sowel as taalontwikkeling (nuwe begrippe word aangeleer). (Enige 5 × 2) (10)

- 6.5
- Doen 'n verfaktiwiteit met die kinders: Gebruik vinger- of handafdrukke ('Ons stuur vir jou 'n vatvyf om dankie te sê.')
 - Die kinders kan voëltjies van foelie maak.
 - Laat die kinders die voëls teken wat hulle by die voëlpark gesien het. Hulle knip die tekeninge uit en maak voëlbewertjies daarvan.
 - Die kinders kan opgestopte voëltjies maak. Hulle stop 'n sakkie losweg met koerantpapier op. Hulle gebruik die materiaal wat voorsien word om die snawel, oë, vlerke, stert en pote te maak en plak dit dan aan die opgestopte sak vas.
 - Laat hulle 'n collage van 'n voëlnes maak. Hulle teken voëltjies, knip dit uit en plak dan wikkelogies en snawels op die babavoëltjies vas. (5 × 2) (10)
- [50]**
- TOTAAL AFDELING B: 150**
GROOTTOTAAL: 200